# Peilings vóór verkiesing laat ons met meer vrae as antwoorde

**Kira Alberts***

Namate die Suid-Afrikaanse algemene verkiesingsdatum (29 Mei) nader kom, en só ook die amptelike 30 jaar-viering van ons swaargewonne demokrasie, haal peilings voor die verkiesing gereeld ons nuus. En hoewel ek tot ’n sekere mate die nut van sulke peilings – om die openbare sentiment te meet – tot ’n mate kan insien, word die voorspellings van hierdie peilings skynbaar al hoe vreemder. Dit het daartoe gelei dat ek die plek vir sulke peilings voor die verkiesing in ons demokratiese proses begin bevraagteken het.

Neem byvoorbeeld ’n onlangse peiling wat sy rondes gedoen het en wat daarop dui dat Suid-Afrika se huidige regerende party, die African National Congress (ANC), slegs 39% van die stemme sal kry. Dit sal ’n daling van 20% beteken nadat dié party 57% van die stemme in die 2019-verkiesing op hom verenig het.

Terwyl frustrasie rondom ons regering tasbaar is, wonder ’n mens of hierdie sentimente alleen ’n daling van 20% in ANC-steun kan veroorsaak? Die party is sedert ons eerste demokratiese verkiesing in 1994, Suid-Afrika se dominante mag en het nooit meer as vyf persent van nasionale stemme in ’n enkele verkiesing verloor nie. Die verskil tussen die hoogtepunt van ANC se steun in 2004 (69,7%) en sy huidige posisie is ’n skamele 12,2%; dus moet ’n skerp daling van 20% ten minste ’n paar wenkbroue laat lig.

Maar die geligte wenkbroue stop nie daar nie. Dieselfde peiling dui daarop dat oudpresident Jacob Zuma se nuutgestigte uMkhonto weSizwe (MK)-party gereed is om 13% van die nasionale stemme te werf, wat die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF) oorskadu wat na verwagting ’n relatief beskeie 10% sal werf. Ons moenie die feit miskyk dat die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) reeds Zuma se geskiktheid om verkiesbaar te wees weens sy kriminele rekord in die wiele gery het nie. Dit is ’n kopkrapper, is dit nie? ’n Party skaars uit sy politieke doeke, reeds in omstredenheid gehul, en tog geniet hy ’n meteoriese styging in peilings.

Laat ons nie vergeet nie dat die MK se groot plan is om nasionaal ’n tweederdemeerderheid te behaal wat hulle in staat sal stel om ons grondwet te wysig en die weg te baan vir Zuma om vir ’n derde termyn aan bewind te wees nie. Hierdie brutale verontagsaming van grondwetlike norms en dreigemente oor burgerlike onrus indien hulle nie hul sin kry nie, wek groot kommer oor die verwering van ons demokratiese beginsels.

En net wanneer jy dink jy het alles gesien, voorspel dieselfde peiling dat die Demokratiese Alliansie (DA), Suid-Afrika se amptelike opposisie, 27% van die stemme op hom sal verenig. Dit is ’n styging van sewe persent sedert die 2019-verkiesing en agt persent meer syfers wat in ’n vroeëre peiling in Februarie aangedui is. As daar iets is, is dit ’n aanduiding dat hierdie voorspellings lukraak is. Miskien weerspieël dit Suid-Afrika se onstuimige politieke landskap, of dalk is dit net ’n bewys van hoe onbetroubaar peilings oor die algemeen is.

Die onbetroubaarheid van peilings voor die verkiesing in Suid-Afrika spruit uit die land se komplekse en uiteenlopende kieserskorps. Met sosio-ekonomiese ongelykhede,

streeksvariasies en groot kulturele diversiteit is dit byna onmoontlik om die volle spektrum van kiesersvoorkeure te bepaal. Wat ook nog daarby gevoeg moet word, is die blywende weergalming van apartheid en historiese ongelykhede wat steeds rigting aan politieke ingesteldhede en stempatrone gee en die taak van stempeilings verder bemoeilik.

Boonop teister metodologiese beperkings en tegniese haakplekke hierdie peilings, wat dit omtrent net so betroubaar soos ’n weervoorspelling in Kaapstad maak. Steekproeffoute, onvoldoende steekproefgroottes en seleksievooroordele kan resultate skeeftrek. Hulle moet ook rekening hou met die nie-reaksie-vooroordeel, vraagbewoordingeffekte en onakkuraathede in steekproefraamwerke, wat alles saamsweer om die verkiesingswaters te vertroebel.

Die gevolge van onakkurate peilings voor die verkiesing strek verder as ’n blote statistiese fout, wat die fondament van ons demokratiese proses skud. Wanneer peilingsuitslae baie van werklike uitkomste verskil, kweek dit ontnugtering en sinisme onder kiesers, wat die vertroue in ons kiesstelsel wegkalwe. Verder kan onakkurate peilingsdata mediadekking verdraai, politieke strategieë beïnvloed en tot verdeeldheid in ons samelewing bydra.

Terwyl ons dus ons pad deur die woelige waters van Suid-Afrika se verkiesingslandskap vind, laat ons ag slaan op die waarskuwende verhaal van peilings voor die verkiesing: Benader met skeptisisme, hanteer dit versigtig en neem altyd die voorspellings met ’n ruim knippie sout. Want in die politiek sfeer – net soos in die lewe – heers daar baie onsekerheid en die enigste peiling wat werklik saak maak, is die een wat by die stembus gedoen word. Laat ons bowenal nooit vergeet dat demokrasie ’n kosbare geskenk is nie – een wat tot elke koste gekoester, beskerm en verdedig moet word. Kom ons hou dit ook in gedagte wanneer ons op 29 Mei na die stembus gaan.

***Kira Alberts is ’n meestersgraadstudent in Politieke Wetenskap en ’n navorsingsgenoot by die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch. Dit is ’n effens aangepaste weergawe van haar artikel in CREDO se jongste nuusbrief, *Democracy Delivered*.**